## 16 Oktober 2 Timoteus 3:10-17 (3:16)

### *Die Bybel is deur God geïnspireer*

Die oorspronklike Griekse woord wat in Afrikaans met "inspireer" vertaal is, beteken letterlik: deur God ingeblaas of deur God se asem vol geasem. Ons verbind die woord "inspireer" gewoonlik aan skeppende vermoëns, en wie het groter skeppende vermoë as ons Here in die hemel? Die hele Bybel kom dus van God af.

Maar beteken dit nou dat die Bybel sommer so uit die lug geval het? Nee, die Bybel is God se Woord, maar die Here het in sy daarstelling van die Woord gebruik gemaak van menslike skrywers. Nog meer: die Here het daardie menslike skrywers met hulle volle persoonlikhede en karaktertrekke gebruik.

Wat beteken dit alles nou vir ons? Drie dinge:

Eerstens vra dit van ons dat ons beide die goddelike en menslike kant in die Bybel sal raaksien en dit so sal lees. Omdat die Bybel 'n goddelike Boek is, moet die Bybel daarom ook deur die Gees van God verklaar word as ons dit lees. Maar die Bybel het ook 'n menslike kant. En vanuit daardie hoek moet die Bybel gelees word soos enige ander boek.

Tweedens beteken dit dat die Bybel gesagvol is. Dit is God se seggenskap oor my en jou lewe. Die Bybel het 'n sê in my en jou lewe. Die Bybel is nie maar 'n boek waarmee jy kan doen wat jy wil nie.

En laastens: Die feit dat God die hele Skrif geïnspireer het, beteken dat daar iets in die Bybel is wat in geen ander boek ter wêreld is nie. Die Bybel is die saad van die wedergeboorte. Die Bybel het die vermoë om nuwe geestelike lewe in 'n dooie mens te wek!

Sing: Psalm 33:2, 3, 5 Ds. HJ. Vermeulen (Bloempark)